



South African Wood Preservers Association

Nuusbrief 214

Desember 2017



Geagte lede,

SAWPA wens vir al ons lede en hulle geliefdes geseende en rustige Kersfees en vakansie toe.

Neem kennis dat die SAWPA-kantoor op 15 Desember sluit en weer op 8 Januarie 2018 heropen.

RADIOPROMOSIE EN INLIGTINGSADVERTENSIES

SAWPA is genooi om deel te wees van 'n MixFM Builaid radio-onderhoud op 8 November wat gehandel het oor "LOOKING AFTER WOODEN ELEMENTS IN YOUR HOME". Die onderhoud het hoofsaaklik oor beskermende deklare gehandel. Dit het ons ook die geleentheid gegee om aan die luisteraars 'n kort inleidende bekendstelling te maak oor primêre houtverduursaming, sowel as oor SAWPA en die bedryf. Die onderhoud baan ook die weg vir toekomstige indiepte-onderhoude wat spesifiek sal fokus op die primêre houtverduursamingbedryf, en wat die breë publiek oor behandelde hout moet weet.

Ons ondersoek ook die moontlikheid om kort inligtingstukkies in die onderskeie inheemse tale uit te saai op streeksradiostasies in die areas waar onwettige behandeling en handel hoogty vier i.e. dele van Limpopo, KZN en die Oos-Kaap. Die hoofdoel is om die plaaslike bevolking in te lig oor die verkil tussen korrek behandelde hout en onwettige behandeling, die risiko vir hulle as eindgebruikers t.o.v. lewensduur en effektiwiteit, sowel as die vermorsing van geld op 'n produk wat nie die verwagte resultaat of diens gaan lewer nie.

ONWETTIGE BEHANDELING

Onlangse terugvoer en 'n besoek aan die Tzaneenstreek dui daarop dat onwettige handel in so 'n mate toegeneem het dat dit dui op die bedryf van georganiseerde sindikate wat die tradisionele formele en wettige bedryf bedreig en dus 'n ongewenste, skadelike uitwerking daarop het. Een van die grootste dryfvere daaragter is eskalerende houtdiefstal wat in die aangeplante streke woed. Alhoewel dit voorkom of meeste van die kleiner onwettige aanlegte wat aan die NRCS gerapporteer is nie meer in werking is nie, is dit wel duidelik dat sommige van die aanlegte wel steeds toegelaat word om voort te gaan en op 'n redelike groot georganiseerde skaal. Ons het dit dadelik met die betrokke NRCS-inspekteur verantwoordelik vir die streek opgeneem en hy het onderneem om die saak te ondersoek. Ons was ook in aanraking gekom met een van die betrokke vervoerkontraakteurs, wat intussen besef het dat hulle die onwettige handel aanhelp, en hulle het onderneem om dit te staak.

Weens die erge skaal van onwettige handel wat deur houtdiefstal aangevuur word, met min effektiewe regulering en polisiëring deur die NRCS en die SAPD, het SAWPA dit goed geag om alternatiewe kanale te gebruik om die groeiende probleem te probeer aanspreek. Dit sal 'n meer aggressiewer benadering tot die NRCS weens hulle ooglopende oneffektiwiteit insluit, terwyl daar van die bedryf verwag word om heffings te betaal vir die regulering. Verder kyk ons ook om ondersteuning en betrokkenheid te kry by ander instansies, bv. DAFF, DTI, die Openbare Beskermer, die Verbruikerskommissie, die Kompetisiekommissie, ens., om sodoende die skaal van die probleem uit te lig en maniere te vind om dit te stop. Ons eerste interaksie was tydens 'n onlangse Ministersforum (DAFF) vir uitvoerende bestuur uit die landbou, bosbou en vissery sektore, waar ons van die geleentheid gebruik gemaak het om die saak met die waarnemende DG van DAFF aan te roer. Ons beoog om dit op te volg met amptelike skrywes aan sy kantoor, sowel as die kantoor van die adjunk DG van Bosbou.

NASIONALE MINIMUMLOON

'n Verduidelikende opsomming van die Die Nasionale Minimumloon wetsontwerp wat op 1 Mei 2018 in werking moet tree is op die 17^{de} November 2017 gepubliseer. Die wetsontwerp sluit skedules in wat die interimafwykings omskryf, sowel as 'n memorandum oor die doelstellings van die NML. Lede wat die wetsontwerp wil bestudeer kan dit direk by die volgende skakel kry: https://www.gov.za/sites/default/files/171124B31-2017_National_Minimum_Wage_a.pdf

'n Paar belangrike punte om van kennis te neem:

1. Die NML is effektief vanaf 1 Mei 2018.
2. Alhoewel die NML R20.00 per uur is, sal dit aanvanklik R18.00 vir bosbouwerkers wees. Vir werknemers by behandelingsaanlegte, beide paal- sowel as saagmeulens, sal die R20.00 per uur geld.
3. In terme van klousule 5 van die wetsontwerp sal die loon die volgende uitsluit:
 - a. Enige betaling gemaak wat die werker in staat stel om te werk, insluitend vervoer, toerusting, gereedskap, voedsel- of akkommodasietoegewings;
 - b. Enige betaling in goedertrou, insluitende bv. etes, behuising, ens.;
 - c. Gratifikasie, insluitende bonusse, fooitjies, geskenke; en
 - d. enige ander kategorie van voorgeskrewe betalings.
4. Die loon sal gebaseer wees op "normale werksure" – in die geval van bosbou is dit 45 ure per week, en vir behandelingsaanlegte, paal- of saagmeulens, sal dit gebaseer wees op die bestaande ooreengekome ure per week van die betrokke maatskappy.
5. Belangrik, in terme van klousule 4.6 van die NML konsepwet, is dit onbillike arbeidpraktyk om eensydig te verander aan lone, ure of werk of enige voorwaardes van aanstelling tydens die implementering van die NML. Die klousure is terugwerkend vanaf 1 Mei 2017.

In kort beteken dit dat werkgewers met effek 1 Mei 2018

- hul werkers 'n minimumloon van R20.00 per uur moet betaal (R18.00 per uur vir bosbouwerkers); en
- nie eensydig afwaartse aanpassings kan maak t.o.v. werksure ten einde die impak van die wet te verminder nie.

Op 'n uurlikse basis mag dit beteken dat huidige toepaslike minimumlone vir sommige werkers in die bosbou- en saagmeulsektore sal verhoog, en wel kan lei tot werksverliese. Navorsing tot dusver uitgevoer en die verslag van die impakstudies skat dat tussen 205 000 en 897 000 poste in totaal verloor kan word a.g.v. die implementering van die NML!

OMGEWINGSAKE BESOEK VERDUURSAMINGSANLEGTE

Gebaseer op terugvoer ontvang, moet lede kennis neem dat die Departement van Omgewingsake (Groen Skerpioene) oor die afgelope week hulle besoeke aan aanlegte in Gauteng verskerp het, en ons vermoed dat dit in alle streke die geval sal wees. U sal onthou dat die bedryf aan die einde van verlede jaar in 'n brief vanaf die Departement vooraf waarskuwing ontvang het. Ons glo en vertrou dat aanlegte dus bestuursplanne en verbeteringe aangebring het om ooglopende tekortkominge aan te spreek. In 'n onlangse kommunikasie van die Departement het hulle aangedui dat hulle nog besig is om te beraadslaag oor ons vroeëre appèl teen die vereiste van 'n "Air Emission Licence" vir KCA aanlegte.

IRG49 SANDTON – 29 APRIL TOT 3 MEI 2018 – GEORGANISEER DEUR SAWPA



'n Tweede kennisgewing oor die internasionale IRG49-konferensie geskeduleer om in Sandton plaas te vind vanaf 29 April tot 3 Mei 2018, en georganiseer deur SAWPA, is onlangs deur die IRG-WP sekretariaat gesirkuleer. Die konferensie begin die Sondagmiddag met die amptelike registrasie gevolg deur 'n verwelkomingsfunksie. Die hoofkonferensie strek van Maandag tot Donderdag, en behalwe vir die openings- en sluitingsessie, sal die res van die konferensie in parallelle sessies plaasvind wat konferensiegangers die geleentheid gee om tussen die twee sessies te roteer. Woensdagmiddag word gewy aan 'n halfdag-ekskursie met busse na nabygeleë besienswaardighede en 'n etegeselligheid. Die konferensie eindig Donderdagaand met 'n banketonthaal. Vir die wat belangstel word 'n opsionele na-konferensie 1 dag safari beplan waarvan meer inligting binnekort op die www.irg49.co.za webtuiste onder die "Travel" hoof aangebring sal word. Sien aangehegte kopie van die onlangse kennisgewing vir meer inligting oor IRG49.

NUUSBROKKIES

- Die besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Oktober en November was onderskeidelik 46968 en 55745.
- Die 2018 SAWPA-kalenders is aan al ons lede sowel as argitekte, ingenieurs en handelaars gestuur en behoort lede teen die tyd al bereik het. Indien nie, hou u posbus dop. Lede wat addisionele kopieë wil bekom, kan ons kontak.
- Indien u vorige SAWPA-nuusbriefe wil besigtig gaan gerus na <http://sawpa.co.za/newsletters.php>

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.